Reëls en Regulasies vir Veilings onder die beskerming van die Meatmaster Telers genootskap

**Inhoudsopgawe:**


1. Definisies
2. Tipe Veilings onder beskerming van die Genootskap
3. Beskrywing van veilings onder beskerming van die Genootskap
4. Algemene Veilings reëls
5. Keurders verantwoordelikheid met veilings:
6. Aansoek om veiling onder beskerming van genootskap te hou


**1.1 Definisies:**

1.1.1 Geregistreerde Meatmasters beteken: ‘n Meatmaster wat met ‘n kudde kenmerk, ‘n Jaartal,’n volgnommer en ‘n geboorte datum aangeteken word en goedgekeur word deur NSV/SA Stamboek. Hierdie diere moet nogsteeds die keuring slaag om op veilings onder die beskerming van die Genootskap aangebied te kan word.

1.1.2 Gekeurde Meatmasters beteken: ‘n Meatmaster wat met oor nommer geidentifiseer word en gekeur word deur ‘n keurder van die genootskap.

1.1.3 Kommersiële Meatmasters beteken: Meatmasters wat nie keuring kan slaag vir registrasie doeleindes nie of nie geïdentifiseer kan word met Jaartal en volgnommer nie. Hierdie diere word nie onder beskerming van die genootskap verkoop nie.

1.1.4 Keuring: Word uitgevoer op veilings en/of op die plaas deur keurders van die genootskap om seker te maak dat betrokke diere aan al die minimum vereistes van die Rasstandaarde voldoen. Keuring op ‘n veiling kan verskil van keuring op die plaas omdat die kwaliteit van diere wat op ‘n veiling aangebied kan word van ‘n hoër standaard kan wees as die minimum Rasstandaarde as die verkopers van die betrokke veiling dit so versoek.

1.1.5 Onafhankilke Keurder: ‘n Onafhanklike Keurder is ‘n Keurder wat geen affiliasie met die betrokke Veiling of Diere het nie.

1.1.6 “Onder Beskerming”: Die term “onder die beskerming van die Meatmaster Telersgenootskap van Namibië” beteken dat die genootskap die egtheid van die teel van elke dier, soos in die amptelike katalogus verskyn, gekontroleer het en dat ‘n keurder van die genootskap, voor die veiling, elke dier geïdentifiseer en visueel geïnspekteer het vir die minimum ras eienskappe en veilingswaardigheid. Dit beteken verder dat die organiseerders van die betrokke veiling een amptelike Meatmaster keurder wat die Genootskap verteenwoordig, moet aanwys om binne 2 weke voor die veiling die veilingsdiere ten opsigte van die rasstandaard en veilingswaardigheid te inspekteer. Die genootskap kan egter nie verantwoordelikheid aanvaar dat die verkeerde skaap opgeveil is of vir enige verborge gebreke, siektestoestand, vrugbaarheid en/of dragtigheid-status van enige van die skape wat aan gebied word nie

1.1.7 “Veilingswaardigheid”: Veilingswaardigheid sal beteken dat diere wat geïnspekteer word nie te maer of oorvet is nie en dat die diere se sigbare gesondheid nie onder verdenking is nie. Dit beteken ook dat daar geen sigbare teken van besmetting van luise, brandsiek, ernstige wurm besmetting, omlope of koksidiose teenwoordig is nie. Geneesde en harde absesse word huidiglik aanvaer, onooglike, sagte absesse en absesse wat nog dreineer, kwalifiseer nie.

**1.2 Tipe Veilings onder beskerming van die genootskap:**

1.2.1 Nasionale Veilings: Hierdie veilings word beheer en gereël deur die genootskap op 'n sentrale plek in die land om 'n veilings geleentheid te skep vir ons lede. Reëls en regulasies soos onder andere ouderdom van skaap, aanbod, en standaard van screening word deur die genootskap bepaal. Meer spesifieke reëls kan van toepasing wees op 'n Nasionale Meatmaster veiling wat beskikbaar sal wees saam die inskrywings dokumente.

1.2.2 Groep veilings: Hierdie veilings word gereël deur 'n groepering van lede wat 'n gesamentlike veiling hou. Keuring word steeds deur keurders van die genootskap uitgevoer. Tenminste een onafhanklike keurder moet verantwoordelik wees vir die keuring van diere en die keuringsverslag wat aan die genootskap gestuur moet word.

1.2.3 Produksie veilings: Word gereël deur die betrokke teler, maar keuring word steeds deur 'n onafhanklike keurder van die genootskap uitgevoer. 'n Keuringsverslag moet deur die keurder aan die genootskap gestuur word.

1.2.4 Veld Ram veilings: Word gereël deur die veld ram klubs en keuring voor die veiling moet ook deur 'n onafhanklike keurder gedoen word en 'n keurdersverslag moet aan die genootskap gestuur word.

1.2.5 Streeks veilings : Hierdie veilings word gereël deur die lede van daardie betrokke streek en gasverkopers uit ander streke kan genooi word deur veilings komitee. Maar keuring moet steeds deur keurders van die genootskap uitgevoer word. Tenminste een onafhanklike keurder moet verantwoordelik wees vir die keuring en die keurdersverslag wat aan die genootskap gestuur moet word.

1.2.6 Klub veilings : Hierdie veilings word in streeks gebonde areas gehou en dieselfde reels soos in 1.2.2 Groep veiling is van toepassing.

**1.3 Beskrywing van veilings onder beskerming van die Genootskap:**

1.3.1 Beskerming deur die Meatmaster telers genootskap impliseer hoofsaaklik keuring deur gekwalifiseerde keurders.

1.3.2 Die genootskap kan behulpsaam wees met 'n dispuut maar die onus bly op die koper en verkoper.

1.3.3 Die genootskap sal toesien dat alle veilings reëls nagekom word.

1.3.4 Die genootskap sal graag wil sien dat alle lede hulle veilings onder beskerming van die genootskap aanbied. Hierdeur kan ons as genootskap die beste doen om ons ras te beskerm en aan nuwe toetreeders tot die Meatmaster ras help om beter te verstaan hoe die ras funksioneer en oor die tipe Meatmaster wat aangekoop kan word.

1.3.5 Die genootskap kan nie instaan vir die integriteit van sy lede nie, maar kan slegs optree as veilings reëls oortree word. Kopers moet hulle eie huiswerk doen omtrent telers en word dit baie sterk aanbeveel dat kursusse bygewoon word nog voordat skape aangekoop word. Van die keurders kan ook gevra word om behulpsaam te wees tydens veilings.

**1.4 Algemene veilings reëls:**

1.4.1 Daar moet 'n amptelike keurder aangestel word by alle veilings onder beskerming van die genootskap. Enige veiling waar daar nie amptelike keuring van die veilings diere deur 'n

Meatmaster Keurder plaasgevind het nie, word beskou as nie onder die beskerming van die Meatmaster Telersgenootskap nie. Telers van die MMTGN mag nie deelneem nie.

1.4.2 Hierdie keurder kan genomineer word deur die betrokke organiseerders van die veiling en moet bevestig word deur die aangestelde raadslid verantwoordelik vir "Veilings" of die raadslid verantwoordelik vir "Keuring/Keurders". Aangestelde keurder vir die betrokke veiling moet dadelik die kantoor en/of betrokke raadslid kennis gee of hy die aanstelling aanvaar.

1.4.3 Dit is die betrokke veiling se organiseerders se verantwoordelikheid om te sorg dat alle reëlings verband met keuring getref word met die keurder en dit deurgegee word aan die kantoor en/of betrkoke raadslid.

1.4.4 Alle Meatmaster veilings, wat die Meatmaster Logo en/of Naam gebruik moet N$25.00/kop kommissie aan die Meatmaster Genootskap betaal.

1.4.5 Reis onkoste en 'n dag toelae moet aan 'n keurder betaal word.
Kostes beloop:
N$1000.00/dag
N$8.00/km gereis
N$25.00/kop gekeur

1.4.6 'n Dispuut oor vrugbaarheid by ramme moet binne 30 dae na datum van veiling geopper word en 'n sertifikaat van 'n veearts moet voorsien word. Na die tydperk word dit beskou as onredelik. Verkopers word verplig om die onderneming te eerbiedig binne die tydperk.

1.4.7 Geen ram mag sonder 'n Bruccela-Ovis Negatiewe sertifikaat wat deur 'n geakkrediteerde laboratorium by enige veiling onder die beskerming, by die betrokke veiling krale afgelaai word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die organiseerders van die betrokke veiling om te sorg dat dit nagekom word. Dit MOET deur die betrokke Keurder gekontroleer word.

1.4.8 Diere wat op veiling keuring slaag en die rooi ronde "seal of approval" keuringsplaat ontvang, kan deur NSV/SA Stamboek opgeneem word.

1.4.9 Alle diere wat op 'n veiling afgekeur is, moet direk na die keuring afgehandel is, uit die veilings lokaal verwyder word.

1.4.10 Telers moet opbetaalde lid van die MMTGN wees.

1.4.11 Vrugbaarheid van ramme is nie verpligtend, maar word aanbeveel.

1.4.12 Elke dier moet 'n ID-nommer aan die linkeroor hê (BV. 20-0021 ABC) Die regteroor word gebruik vir die keuringsplaat.

1.4.13 Ooie, 2-tand en ouer, moet met lam wees of sigbaar dragtig wees of dragtig gesertifiseer wees. Ongewisselde ooie het nie nodig om dragtig te wees nie.

1.4.14 Indien van SA keurders gebruik gemaak word, moet betrokke keurder vergesel word deur Senior Namibiese keurder. Veilings met twee telers, moet twee keurders gebruik word, waarvan een onafhanklik moet wees.

1.4.15 Alle diere wat op veiling kom, moet gekeur word, al was hulle voorheen gekeur.

1.4.16 Alle diere wat keuring slaag, sal 'n rooi ronde "seal of approval" keuringsplaat aan die regteroor ontvang.

## 1.5 <u>Keurders verantwoordelikheid met veilings:</u>

1.5.1 Om deeglike keuring van al die diere op die betroke veiling te doen en te verseker dat hul voldoen aan die minimum ras standaarde en veilingswaardigheid, of indien so versoek die minimum standaard te verhoog.

1.5.2 Dit is die keurder se verantwoordelikheid om dit duidelik te stel aan die veilings huis of afslaer dat die veiling amptelik as afgehandel verklaar moet word voordat diere wat nie onder beskerming aangebied word, verkoop mag word.

1.5.3 Genomineerde keurder kan enige ander keurders ook betrek om hom behulpsaam te wees. Slegs kostes van een Keurder sal deur verkoper gedek word.

**1.6 <u>Aansoek om veiling onder beskerming van genootskap te hou:</u>**

1.6.1 Om ‘n veiling onder die beskerming van die Meatmaster Telersgenootskap te hou, moet daar skriftelik aansoek gedoen word gedurende die Algemene Jaar Vergadering.

1.6.2 Verkopers moet aansoek doen voor die Algemene Jaar Vergadering, omdat daar ‘n 7 dae reël geld. Dit is ook om informasie oor die veiling by te kan voeg by die Kalender, die veiling behulpsaam te kan wees met bemarking en die amptelikheid van die veiling deur die genootskap te bevestig.